Arbeidsmakelary bekyk

Fedusa en Capes wil vrot appels uit die weg ruim

Dewald van Rensburg,
Johannesburg

Arbeidsmakelaars wat arbeidstandaarde ondermyn, sal uit die ekonomie gedwing word.

Dit is die kern van 'n plan van die vakverbond Fedusa en Capes, 'n werkgewersorganisasie vir die kontrakwerksektor, om van die vrot appels in die arbeidsmakelarysektor ontslae te raak.

Die gesamentlike plan is gister bekend gestel – aan die vooraand van formele gesprekke hieroor in Nedlac asook in die parlement vandeesmaand.

Fedusa en Capes wil hê dié proses moet grotendeels deur kontrakteurmaatskappye en vakbonde gedryf word, eerder as deur die regering.

Ingevolge 'n memorandum wat gister onderteken is, onderneem Capes om Fedusa, en spesifiek sy filiaal Uasa, by te staan met die werwing van kontrakwerkers as lede.

Fedusa onderneem weer om Capes te help om die kontrakteursektor te beskerm en uit te brei.

Die plan behels dat 'n sentrale agentskap op die been gebring word wat kontrakwerkgewers oudit en die nakom van standaarde koppel aan registrasie as 'n wettige verskaffer van kontrakwerkers.

"Ons moet ontslae raak van die makelaars met 'n slegte naam, het mnr. John Botha, hoofbestuurder van Capes, gister gesê.

Die regulering van die bedryf moet nie net by die departement van arbeid lê nie, sê hy.

"Ons soek 'n liggaam onder die beheer van belanghebbendes. Ons wil die statutêre reg hê om maatskappye toe te maak."

Mnr. Leon Grobler, Fedusa se verteenwoordiger by Nedlac, sê die memorandum is die gevolg van twee jaar se gesprekke tussen Fedusa en Capes. "Jy kan soveel wette maak as wat jy wil, maar jy moet die afdwing daarvan in die hande laat van mense wat die bedryf ken," sê hy.

Fedusa en Capes sal hulle vir só 'n stelsel beywer by Nedlac se bespreking van arbeidsmakelary wat môre plaasvind.

Die partye sal ook voorstelle doen aan die parlementêre portefeuljekomitee vir arbeid wat later vandeesmaand voorleggings oor arbeidsmakelary aanhoor.

Daar is uit regerings- en arbeidskringe gedreig dat arbeidsmakelary geheel en al verbied gaan word. Daarom is die vennootskap met Fedusa gemik op die volhoubaarheid van die bedryf, sê Botha.

Capes verteenwoordig volgens Botha meer as 'n duisend maatskappye wat "65% tot 70%" van die geskatte halfmiljoen kontrakwerkers in Suid-Afrika verskaf.

Hy verteenwoordig die breë spektrum van ongeskoolde tot gespesialiseerde kontrakwerkers, sê Botha.

Capes en Fedusa het onderneem om met 'n werkbare model vorendag te kom vir die vakbondwese onder tydelike werkers, is gister gesê. Die reg om aan 'n vakbond te behoort, is gegrond op permanente werkverhoudinge, sê Botha.

Hoe groot?

Volgens Capes is daar op enige gegewe dag in Suid-Afrika sowat 500 000 kontrakwerkers.

Dié syfer is afgelei van 'n 2006-ontleding van dokumente wat deur maatskappye aan die Dienste-seta verskaf is.

Die geskatte waarde van die bedryf is R23 miljard per jaar en dié syfer is afgelei van die 1%-vaardigheidstantieme wat aan die Dienste-seta betaal word. Dit is egter voor die hand liggend dat dié syfers tans laer kan wees weens die resessie wat veral die aflegging van tydelike werkers meebring.